# ALGEMENE AFDELING

Onderworpe aan die bepalings, uitsluitings en voorwaardes (opskortend of andersins) en as teenprestasie daarvoor en op voorwaarde dat die premie vooraf deur of namens die Versekerde betaal en deur of namens die Maatskappy ontvang word, stem die Maatskappy vermeld in die bylae in om die Versekerde deur middel van betaling of na die Maatskappy se keuse deur vervanging of herstel tot hoogstens die versekerde bedrae, skadeloosstellings- en vergoedingsperke en ander bedrae gespesifiseer skadeloos te stel of te vergoed ten opsigte van die versekerde gebeurtenisse wat gedurende die versekeringstydperk, en soos andersins voorsien, plaasvind ingevolge die afdelings van hierdie polis.

Indien meer as een versekeringsmaatskappy of versekeraar aan hierdie versekering deelneem, word die woord “Maatskappy” na “versekeraars” gewysig, waar dit ook al in hierdie polis voorkom. In hierdie geval is die persentasie aandeel van elke versekeraar soos in die bylae van hierdie polis vermeld en die aanspreeklikheid van elke sodanige versekeraar is afsonderlik beperk tot die persentasie aandeel wat teenoor sy naam aangetoon is.

# ALGEMENE OMSKRYWINGS

In hierdie polis, tensy ‘n meer spesifieke omskrywing bestaan of die omliggende konteks vereis dat die gewone betekenis van die woord gebruik moet word, sal die volgende beteken:

**Maatskappy:** sal beteken Santam Beperk.

**Voorwaarde:** sal beteken ‘n verpligting wat die Versekerde moet nakom om voortgesette dekking te geniet of die voordele van ‘n eis te ontvang. Dit mag ook beteken, indien die konteks dit so aandui, ‘n meer gewigtige bepaling wat deur die Maatskappy voorgeskryf word.

**Omskrewe gebeurtenis:** sal beteken die basiese versekeringsdekking wat ingevolge elke afdeling verskaf word soos gewysig deur uitbreidings, voorwaardes en uitsluitings.

**Uitsluiting:** sal beteken dit wat nie deur hierdie polis gedek is nie, wat onverseker bly en wat vir die Versekerde se eie rekening sal bly in die geval van ‘n verlies.

**Uitbreiding:** sal beteken ‘n uitbreiding van dekking tot die basiese dekking soos verskaf deur die omskrewe gebeurtenisse of wat andersins uitgesluit mag wees deur ‘n Uitsluiting. Uitbreidings kan onder elke afdeling van hierdie polis geïdentifiseer word onder die opskrifte “Klousules en Uitbreidings” of “Uitbreidings”.

**Eerste bedrag betaalbaar:** sal beteken die eerste gedeelte van elke verlies, skade of aanspreeklikheid wat ‘n onversekerde bedrag betaalbaar sal bly deur die Versekerde met betrekking tot iedere en elke eis.

**Versekerde bedrag:** sal beteken die bedrag deur die Versekerde gekies of enige beperking deur die Maatskappy voorgeskryf en aangedui in die polisbylae as verteenwoordigend van die maksimum aanspreeklikheid van die Maatskappy, met inbegrip van Belasting op Toegevoegde Waarde, in die geval van ‘n eis vir daardie spesifieke versekerde gebeurtenis of item, maar verminderbaar deur enige toepaslike eerste bedrae betaalbaar, terme, voorwaardes en uitsluitings. Hierdie maksimum kan wees vir enige enkele verlies, vir enige aantal verliese wat uit een gebeurtenis voortspruit, vir enige aantal verliese gedurende enige enkele versekeringstydperk of andersins soos aangedui in die polisbewoordings of bylaes. Sommige afdelings mag verwys na die “skadeloosstellingsperk” of “vergoeding” en die gebruik van sodanige woorde sal dieselfde betekenis hê as “versekerde bedrag” waar die konteks dit so impliseer.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# POLISINTERPRETASIE

Hierdie polis moet soos volg geïnterpreteer word:

1. **Afdelings:** Tensy een afdeling spesifiek na ‘n ander afdeling in die bewoording verwys, is elke afdeling opgestel as ‘n aparte onafhanklike afdeling en moet dit so gelees en geïnterpreteer word. Een afdeling moet nie gebruik word in ‘n poging om die bedoelde dekking ingevolge ‘n ander afdeling te interpreteer nie. Die Algemene afdeling is egter op die hele polis van toepassing en moet saam met elkeen van die ander afdelings gelees word wanneer sodanige afdelings geïnterpreteer word. Enige Algemene Omskrywing, Uitsluiting,

Voorwaarde of Bepaling soos vervat in hierdie algemene afdeling sal van toepassing wees op almal van die meer spesifieke afdelings tensy dit spesifiek aangedui is as geskrap, gewysig of vervang in sodanige meer spesifieke afdeling.

2. **Polisbewoordings en polisbylae:** Die Maatskappy sal die Versekerde van 'n polisbewoording en polisbylae voorsien as bewys van die versekeringskontrak en die terme, voorwaardes, uitsluitings en beperkings van die versekeringsbeskerming wat verskaf word. Die bylae (en enige endossemente daartoe), die polisbewoording en enige kommunikasie vanaf die Maatskappy moet saam gelees word ten einde die dekking vas te stel wat verskaf of uitgesluit word. Indien daar teenstrydigheid bestaan tussen die polisbylae en die polisbewoording, sal die polisbylae geag word om die polisbewoording tersyde te stel. Die polisbylae sal verwys na die weergawe van die polisbewoording wat op enige tydstip van krag is.

3. **Betekenis van woorde:** Enige woord of uitdrukking waaraan 'n spesifieke betekenis in die polisbylaes, enige endossement daartoe of die polisbewoording toegeken word, dra sodanige betekenis waar dit ook al mag voorkom.

4. **Ingesluit / nie ingesluit nie:** Die bylae sal aandui of 'n versekerde gevaar of 'n Uitbreiding geselekteer is om verseker te wees deur die gebruik van die woord "ingesluit" of waar geen dekking geselekteer is om van krag te wees nie, deur die woorde "nie ingesluit nie".

5. **Uitbreidings:** Sommige uitbreidings sal hulle eie versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar hê en dit sal in die bylae aangedui word. Hierdie bedrae sal van toepassing wees ongeag of die bewoording van die uitbreiding na sodanige bedrae verwys, of nie. Die dekking verskaf ingevolge alle uitbreidings sal onderhewig wees aan die terme, voorwaardes en beperkings wat andersins in die polis vervat is tensy sodanige uitbreiding spesifiek aandui dat sodanige term, voorwaarde, uitsluiting of beperking gekanselleer, geskrap of gewysig is deur die uitbreiding.

6. **Dekking op afdeling-, perseel-, gebou- of itemvlak:** Die bylaes van die onderskeie afdelings mag die dekking aandui (bestaande uit dekking, uitsluitings, voorwaardes, klousules en uitbreidings) wat apart op hierdie verskillende vlakke verskaf word. Waar dit so aangedui word, met uitsondering van eerste bedrae betaalbaar, moet die volgende benadering ten opsigte van interpretasie toegepas word:

   6.1 **Inligting oor die dekking van 'n afdeling:** Dekking, uitsluitings, voorwaardes, klousules en uitbreidings soos aangedui as ingesluit of van toepassing ingevolge hierdie opskrif in die bylae, sal van toepassing wees op die hele afdeling.

   6.2 **Inligting oor die dekking van die perseel ingevolge 'n afdeling:** Dekking, uitsluitings, voorwaardes, klousules en uitbreidings soos aangedui ingevolge hierdie opskrif in die bylae as ingesluit of van toepassing, sal van toepassing wees op alle dekking waarvoor voorsiening gemaak word ten opsigte van die spesifieke genoemde of aangeduide perseel alleenlik. Die afwesigheid van die herhaling van dekking, uitsluitings, voorwaardes, klousules en uitbreidings op afdelingsvlak ingevolge die spesifieke perseel sal nie geïnterpreteer word om te beteken dat dit geskrap is nie;

   6.3 **Inligting oor die dekking van 'n gebou of item ingevolge 'n perseel of afdeling:** Dekking, uitsluitings, voorwaardes, klousules en uitbreidings soos aangedui ingevolge hierdie opskrif in die bylae as ingesluit of van toepassing, sal van toepassing wees op alle dekking verskaf vir die spesifieke genoemde of aangeduide gebou of item alleenlik. Die afwesigheid van die herhaling van dekking, uitsluitings, voorwaardes, klousules en uitbreidings op afdeling- of perseelvlak ingevolge die spesifieke gebou of item sal nie geïnterpreteer word om te beteken dat dit geskrap is nie;

7. **Eerste bedrae betaalbaar:** Ten einde die toepaslike eerste bedrag betaalbaar vas te stel, tensy spesifiek tot die teendeel aangedui , moet die volgende benadering toegepas word:

   7.1 **Eerste bedrag betaalbaar op afdelingsvlak:** Enige eerste bedrag betaalbaar, indien in die bylae aangedui op 'n afdelingsvlak, sal van toepassing wees op alle eise betaalbaar ingevolge die afdeling, tensy daar 'n meer spesifieke eerste bedrag betaalbaar aangedui word soos uiteengesit in 8.2 tot 8.4 hieronder, in welke geval sodanige meer spesifieke eerste bedrag betaalbaar in plaas daarvan van toepassing sal wees.

   7.2 **Eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van perseel:** Enige eerste bedrag betaalbaar, indien in die bylae aangedui op 'n perseelvlak, sal van toepassing wees op alle eise betaalbaar vir die dekking ingevolge die aangeduide perseel:

      - en sal die eerste bedrag betaalbaar op 'n afdelingsvlak vervang, maar indien geen eerste bedrag betaalbaar in die bylae vir die perseel aangedui word nie, sal dit nie geïnterpreteer word

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

om te beteken dat enige aangeduide eerste bedrag betaalbaar op afdelingsvlak geskrap is nie.

- tensy daar ‘n meer spesifieke eerste bedrag betaalbaar aangedui word soos uiteengesit in 8.3 en 8.4 hieronder.

7.3 **Eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van ‘n gebou of item:** Enige eerste bedrag betaalbaar, indien in die bylae aangedui vir ‘n spesifieke gebou of item, sal van toepassing wees op alle eise betaalbaar vir die dekking ingevolge die aangeduide gebou of item:

- en sal die eerste bedrag betaalbaar op ‘n perseel- of afdelingsvlak vervang, maar indien geen eerste bedrag betaalbaar in die bylae vir die gebou of item aangedui word nie, sal dit nie geïnterpreteer word om te beteken dat enige aangeduide eerste bedrag betaalbaar op perseel- of afdelingsvlak geskrap is nie.

- tensy daar ‘n meer spesifieke eerste bedrag betaalbaar aangedui word soos uiteengesit in 8.4 hieronder.

7.4 **Eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van ‘n spesifieke versekerde gevaar, klousule of uitbreiding:** Enige eerste bedrag betaalbaar, indien in die bylae aangedui vir ‘n spesifieke versekerde gevaar, klousule of uitbreiding, sal van toepassing wees op alle sodanige eise betaalbaar vir die dekking ingevolge die aangeduide versekerde gevaar, klousule of uitbreiding en sal die eerste bedrag betaalbaar aangedui op ‘n gebou-, item-, perseel- of afdelingsvlak vervang, maar die afwesigheid van ‘n eerste bedrag betaalbaar aangedui in die bylae vir die versekerde gevaar, klousule of uitbreiding sal nie geïnterpreteer word om te beteken dat enige aangeduide eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van die gebou-, item-, perseel- of afdelingsvlak, geskrap is nie.

8. **Teks wat in vetgedrukte en blou letters verskyn**: Ten einde bystand te verleen met die maklike identifisering van Polisuitsluitings en –beperkings ten opsigte van dekking, word dit uitgelig in vetgedrukte en blou letters in die polisbewoording. Hierdie aksie deur die Maatskappy en enige interpretasie daarvan is onderhewig aan die volgende:

8.1 Indien slegs die gedeelte van die beperking of uitsluiting van ‘n langer sin of paragraaf uitgelig is, moet sodanige uitgeligte gedeelte nie in isolasie geïnterpreteer word nie maar moet saam gelees word met, en in die konteks van die oorblywende gedeelte van die sin of paragraaf.

8.2 Enige sodanige uitgeligte gedeelte neem nie in enige opsig enige hoër graad van belangrikheid aan nie as die oorblywende gedeelte van die polisbewoording wanneer die omvang van dekking bepaal word en alle terme, voorwaardes, Uitsluitings, waarborge of nakominsverpligtinge wat op die Versekerde van toepassing is in die polisbewoording of bylaes, hetsy uitgelig of nie, bly ten volle en gelyk van krag.

# ALGEMENE UITSLUITINGS

## 1. Oorlog, oproer en terrorisme

(A) Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie:

(i) burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak;

(ii) oorlog, inval, die optrede van ‘n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog;

(iii) (a) muitery, algemene opstand, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of ’n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of ‘n staat van beleg bepaal;

(b) opstand, rebellie of revolusie;

(iv) enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering of enige provinsiale,

Vir interne makelaargebruik alleenlik - Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp;

(v) enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem;

(vi) enige poging tot optrede waarna in klousule (iv) of (v) hierbo verwys word;

(vii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in klousule (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) hierbo verwys word.

Indien die Maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie uitsluiting nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

(B) Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

(C) Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierin vervat word nie en wat andersins 'n algemene uitsluiting ter syde sou stel, dek hierdie polis nie verlies van of skade aan eiendom of enige uitgawe van enige aard hoegenaamd nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, ontstaan uit of in verband met enige daad van terrorisme, ongeag enige ander oorsaak of voorval wat tergelykertyd of in enige volgorde bydra tot die verlies, skade of uitgawe.

Vir die doeleinde van hierdie Algemene uitsluiting 1(C) sluit 'n daad van terrorisme in, sonder beperking, die gebruik van geweld of krag of dreigement daartoe, hetsy as 'n daad wat skadelik vir menslike lewe is al dan nie, deur enige persoon of groep persone, hetsy daar alleen opgetree word of in verband met enige organisasie of regering of enige ander persoon of groep persone, wat gepleeg word vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes of doeleindes, met inbegrip van enige daad wat gepleeg word met die bedoeling om enige regering te beïnvloed of om vrees by die publiek, of enige sektor van die publiek, in te boesem.

Indien die Maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 1(C) van hierdie uitsluiting nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 2. Kernkrag (nie van toepassing op die afdelings Getrouheid en Groep Persoonlike Ongevalle nie)

Hierdie polis dek nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste of uitgawe hoegenaamd nie of enige gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit:

2.1 ionisasie, uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding of gebruik van kernbrandstof;

2.2 kernmateriaal, kernsplyting of -samesmelting, kernuitstraling;

2.3 kernplofstowwe of enige kernwapen;

2.4 kernafval in watter vorm hoegenaamd;

ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig of in enige ander volgorde tot die verlies bydra.

Slegs vir die doeleindes van hierdie uitsluiting sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

## 3. Rekenaarverliese

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierby ingesluit is nie wat andersins 'n Algemene uitsluiting ter syde sou stel, dek hierdie polis nie:

3.1 verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd (insluitende 'n rekenaar) of enige verlies of uitgawe hoegenaamd voortspruitend uit of as gevolg daarvan;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

3.2 enige regsaanspreeklikheid hoegenaamd;

3.3 enige gevolglike verlies;

regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of waartoe bygedra word deur of wat bestaan of voortspruit uit die onvermoë of onklaarraking van enige rekenaar, hetsy korrek of enigsins:

1. om enige datum as die korrekte of ware kalenderdatum te behandel of om op korrekte of toepaslike wyse enige data of inligting te herken, te manipuleer, te interpreteer, te verwerk, te berg of te ontvang of om daarop te reageer, of om enige opdrag of instruksie uit te voer, met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum nie, of
2. om enige data vas te lê, te stoor of op korrekte wyse te verwerk as gevolg van die uitvoer van enige opdrag wat in enige rekenaar geprogrammeer is, synde ‘n opdrag wat die verlies van data of die onvermoë om sodanige data op of na enige datum vas te vang, te bewaar, te behou of op korrekte wyse te verwerk veroorsaak nie, of
3. om enige inligting of kode vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk vanweë programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of bederwing van data en/of programme nie, of
4. om enige data vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk as gevolg van die handeling van enige rekenaarvirus of ander bederwende, skadelike of andersins ongemagtigde kode of instruksie met inbegrip van enige Trojaanse perd, tyd- of logikabom of wurm of enige ander vernietigende of ontwrigtende kode, media of program of versteuring.

‘n Rekenaar sluit in enige rekenaar, dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in rekenaar- of nie-rekenaartoerusting of enige rekenaarsagteware, -gereedskap, -bedryfstelsel of enige rekenaarhardeware of periferale toerusting en die inligting en data wat elektronies of andersins in of op enige van bogenoemde bewaar word, hetsy die eiendom van die Versekerde al dan nie.

Hierdie uitbreiding sal nie van toepassing wees nie, op:

1. verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom deur brand, ontploffing, weerlig, aardbewing, storm, wind, water, hael, sneeu, lugvaartuie of ander lugtoestelle wat daaruit laat val word, botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie;
2. die afdelings Glas, Werkgewersaanspreeklikheid, Groep Persoonlike Ongevalle of Motor;
3. gevolglike verlies soos verseker deur enige Sake-onderbreking-skadeloosstelling van hierdie polis tot die mate wat sodanige gevolglike verlies voortspruit uit skade aan die versekerde eiendom deur die gevare waarna in 1 verwysword.

Met dien verstande dat 1, 2 en 3 hierbo:

1. nie enige verlies, vernietiging, skade of gevolglike verlies verseker nie indien sodanige verlies nie aangedui is nie as ‘n ingesluite gevaar, uitbreiding of afdeling in hierdie polis;
2. nie enige verlies, vernietiging, skade of gevolglike verlies verseker nie indien sodanige verlies nie in die afwesigheid van hierdie Rekenaarverliese Algemene uitsluiting of punte 1, 2 of 3 hierbo verseker sou gewees het nie.
3. nie van toepassing is op enige Gemeenregtelike Aanspreeklikheid skadeloosstelling nie.

## 4. Asbes (Van toepassing op die afdelings Gemeenregtelike Aanspreeklikheid en Werkgewersaanspreeklikheid en Aanspreeklikheid van die afdeling Geboue Omvattend)

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat andersins ‘n Algemene uitsluiting ter syde sou stel, dek hierdie polis nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste of uitgawe hoegenaamd of enige gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, voortspruit uit, ontstaan uit of as gevolg van die gevaarlike aard van asbes in watter vorm of hoeveelheid hoegenaamd of wat op enige wyse daarmee verband hou, of in die mate waartoe dit daartoe bydra nie.

## 5. Sanksies

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees om dekking te verskaf, enige eis te betaal, enige voordeel te

Vir interne makelaar gebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

verskaf of enige skadeloosstelling te verskaf in terme van hierdie polis nie, indien die Versekerde gelys is, of deur die onderskeie owerhede ingesluit is as ‘n verbode entiteit of individu met wie geen besigheid gedoen mag word of skadeloosstelling verskaf word nie in terme van die Verenigde Nasies se resolusies of enige handels- of ekonomiese sanksies, wette of regulasies van die Europese Unie, die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State van Amerika of Suid-Afrika.

# ALGEMENE VOORWAARDES

Onderhewig aan die bepalings van Artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr 53 van 1998 (soos gewysig) -

## 1. Wanvoorstelling, wanbeskrywing en nie-openbaarmaking

Wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking van enige wesenlike besonderheid maak, na gelang van die geval, die besondere item, afdeling of onderafdeling van die polis ongeldig wat deur sodanige wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking geraak word.

## 2. Anderversekering

Indien daar ten tyde van enige gebeurtenis wat aanleiding gee tot ’n eis ingevolge hierdie polis versekering by enige ander versekeraar(s) bestaan wat die Versekerde teen die omskrewe gebeurtenisse dek, is die Maatskappy slegs aanspreeklik vir die vergoeding van ’n eweredige deel van die bedrag wat betaalbaar is deur of aan die Versekerde ten opsigte van sodanige gebeurtenis. Indien enige sodanige ander versekering onderworpe is aan enige eweredigheidsvoorwaarde, is hierdie polis, indien dit nog nie aan enige eweredigheidsvoorwaarde onderworpe is nie, op dieselfde manier aan eweredigheid onderworpe.

## 3. Kansellasie

Hierdie polis of enige afdeling daarvan mag te eniger tyd deur die Maatskappy gekanselleer word met skriftelike kennisgewing van 30 dae (of sodanige ander tydperk as waarop daar onderling ooreengekom is) of deur die Versekerde met onmiddellike kennisgewing. By kansellasie deur die Versekerde is die Maatskappy daarop geregtig om die gebruiklike korttermyn- of minimum premie te behou vir die tydperk wat die polis of afdeling van krag was. By kansellasie deur die Maatskappy is die Versekerde geregtig daarop om ‘n eweredige deel van die premie te eis vir die onverstreke versekeringstydperk vanaf die kansellasiedatum, onderworpe aan Algemene voorwaarde 4.

## 4. Premie-aanpassing

Indien die premie vir enige afdeling van hierdie polis volgens enige geraamde syfers bereken word, moet die Versekerde ná die verstryking van elke versekeringstydperk (of na twaalf agtereenvolgende maande vanaf die aanvangs- of hernuwingsdatum indien die polis maandeliks betaal word) die Maatskappy van sodanige besonderhede en inligting voorsien as wat die Maatskappy vir die herberekening van die premie vir sodanige tydperk mag verlang. Enige verskil word deur of aan die Versekerde betaal, na gelang van die geval.

## 5. Voorkoming van verlies

Die Versekerde moet alle redelike stappe doen en voorsorgmaatreëls tref om ongevalle en verliese te voorkom.

## 6. Eise

6.1 Wanneer enige gebeurtenis plaasvind wat aanleiding mag gee tot ’n eis ingevolge hierdie polis, moet die Versekerde op sy eie onkoste:

6.1.1 die Maatskappy daarvan in kennis stel:

6.1.1.1 met betrekking tot swaar kommersiële voertuie (uitgesluit sleepwaens) waar opsporing ‘n vereiste is, so gou as redelik moontlik, maar in iedere geval binne 48 uur nadat die Versekerde bewus word van sodanige gebeurtenis, kennisgewing verskaf aan die Maatskappy of aan die betrokke opspoormaatskappy;

6.1.1.2 met betrekking tot alle ander eise, so gou as redelik moontlik, maar in iedere geval binne 30 dae nadat die Versekerde bewus word van sodanige gebeurtenis;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

en besonderhede verskaf van enige ander versekering wat sodanige gebeurtenisse dek soos wat hierdeur verseker word;

6.1.2 die polisie so gou moontlik ná die gebeurtenis in kennis stel van enige eis waarby diefstal (indien dit deur die Maatskappy vereis word) of die verlies van eiendom betrokke is en alle moontlike stappe doen om die skuldige party aan die kaak te stel en die gesteelde of verlore eiendom terug te vind;

6.1.3 so gou moontlik ná die gebeurtenis volledige besonderhede van enige eis skriftelik aan die Maatskappy voorlê;

6.1.4 en onmiddellik aan die Maatskappy enige kennisgewing stuur van 'n eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die Versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis;

6.1.5 die Maatskappy van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die Maatskappy mag verlang.

6.2 Geen eis (behalwe 'n eis ingevolge die afdelings Sake-onderbreking, Getrouheid, Aangegewe Voordele of Groep Persoonlike Ongevalle of die uitbreiding: Persoonlike Ongevalle (aanranding) ingevolge die afdeling Geld, indien toepaslik) is betaalbaar nie ná die verloop van 24 maande of sodanige langer tydperk as wat die Maatskappy mag toestaan vanaf die plaasvind van 'n gebeurtenis, tensy die eis die onderwerp van 'n hangende regsgeding is of 'n eis ten opsigte van die Versekerde se regsaanspreeklikheid teenoor 'n derde party.

6.3 Geen eis is betaalbaar nie tensy die Versekerde betaling eis deur binne 6 maande ná die skriftelike afwysing van die eis prosesstukke aan die Maatskappy te beteken en sodanige stappe finaliseer.

6.4 Indien die eiendom (die onderwerp van die eis) of enige deel daarvan gevind word ná die betaling van 'n eis ingevolge hierdie polis ten opsigte van verlore of gesteelde eiendom, moet die Versekerde alle hulp verleen by die identifisering en fisieke terugvind van sodanige eiendom indien hy deur die Maatskappy gevra word om dit te doen, met dien verstande dat die Versekerde se redelike onkoste by sodanige hulpverlening deur die Maatskappy vergoed word. Sou die Versekerde weier om ingevolge hierdie voorwaarde hulp te verleen wanneer hy gevra word, word die Versekerde onmiddellik aanspreeklik om aan die Maatskappy alle bedrae wat ten opsigte van die eis betaal is, terug te betaal.

## 7 Versekeraar se regte ná 'n gebeurtenis

7.1 By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie polis ingestel is of ingestel word, mag die Maatskappy en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die Maatskappy se reg om hom op enige voorwaarde van hierdie polis te beroep;

7.1.1 enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die Versekerde aan die Maatskappy om so op te tree. Die Versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie, hetsy die Maatskappy dit in besit geneem het of nie;

7.1.2 die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die Versekerde oorneem en voer en in die naam van die Versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die Maatskappy deur die Versekerde gedoen word nie.

7.2 Die Versekerde moet, op onkoste van die Maatskappy, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die Maatskappy vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die Maatskappy by skadeloosstelling van die Versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of ná sodanige skadeloosstelling vereis word;

7.3 Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die Maatskappy by die plaasvind van enige gebeurtenis aan die Versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word en die Maatskappy is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.

Vir interne makelaargebruik al/online - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## 8 Bedrog

Indien enige eis ingevolge hierdie polis in enige opsig bedrieglik is of indien enige bedrieglike metodes of middele deur die Versekerde of enigiemand wat namens hom optree met sy medewete of toestemming gebruik word om enige voordeel ingevolge hierdie polis te verkry of indien enige gebeurtenis veroorsaak word deur die opsetlike daad of met die oogluikende toelating van die Versekerde, word alle voordele wat deur hierdie polis ten opsigte van enige sodanige eis verskaf word, verbeur.

## 9 Herstel van dekking na verlies (nie van toepassing nie op voorraad op 'n verklaringsgrondslag of op enige afdeling waar dit as nie van toepassing nie vermeld word)

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde bedrae, waar van toepassing, nie met die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet die Versekerde 'n bykomende premie betaal op die bedrag van die verlies vanaf die datum waarop dit plaasvind of vanaf die datum van herstel of vervanging (wat ook al die laatste is) tot die verstryking van die versekeringstydperk.

## 10 Nie-nakoming van voorwaardes

Die voorwaardes van hierdie polis en afdelings daarvan geld afsonderlik vir elkeen van die risiko's wat verseker word en nie gesamentlik nie, sodat enige nie-nakoming die afdeling ongeldig maak slegs ten opsigte van die risiko waarop die nie-nakoming van toepassing is.

## 11 Geen regte aan ander persone nie

Tensy anders bepaal, verleen niks in hierdie polis enige regte aan enige persoon behalwe die Versekerde nie. Enige uitbreiding wat skadeloosstelling aan enige persoon anders as die Versekerde verleen, gee geen eisregte aan sodanige persoon nie. Die bedoeling is dat die Versekerde namens sodanige persoon moet eis. Die kwitansie van die Versekerde is in elke geval 'n volle ontslag vir die Maatskappy.

## 12 Kollektiewe versekering

Indien hierdie versekering 'n kollektiewe versekering is, word Algemene voorwaarde 6.1.4 hierbo soos volg gewysig:

"die Hoofversekeraar namens die Versekeraars van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die Versekeraars mag verlang en onmiddellik aan die Hoofversekeraar enige kennisgewing stuur van 'n eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die Versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis."

en Algemene voorwaarde 7 word deur die volgende vervang:

"7. Versekeraar se regte na 'n eis

7.1 By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie polis ingestel is of ingestel word, mag die Hoofversekeraar en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die Versekeraars se reg om hulle op enige voorwaarde van hierdie polis te beroep:

7.1.1 enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die Versekerde aan die Hoofversekeraar om namens die Versekeraars so op te tree. Die Versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die Versekeraars prys te gee nie, hetsy die Hoofversekeraar dit in besit geneem het of nie;

7.1.2 die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die Versekerde oorneem en voer en in die naam van die Versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die Hoofversekeraar deur die Versekerde gedoen word nie.

7.2 Die Versekerde moet, op onkoste van die Versekeraars, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die Versekeraars vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die Versekeraars by skadeloosstelling van die

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of na sodanige skadeloosstelling vereis word.

7.3 Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die Versekeraars in die geval van enige gebeurtenis aan die Versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word, en die Versekeraars is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie."

## 13. Wysiging deur die Maatskappy aan die dekking verskaf of terme vasgestel

Die Maatskappy mag die dekking of die terme vasgestel in terme van hierdie polis verbeter sonder vooraf kennisgewing van sodanige verandering met dien verstande dat sodanige verandering tot die voordeel van die Versekerde is. Ander wysigings wat deur die Maatskappy vereis word, sal geïmplementeer word:

13.1 hoofsaaklik by die jaarlikse hernuwings-/verjaringsdatum; of

13.2 by uitsondering, te enige ander tyd deur middel van 30 dae skriftelike kennisgewing van die Maatskappy se bedoeling om sodanig te handel.

## 14. Voortsetting van dekking (waar die premie deur middel van 'n bankdebietorder of transmissierekeningbetaalbaaris)

Die premie is vooruitbetaalbaar soos aangedui in die Algemene Bepaling ten opsigte van Premiebetaling, maar nieteenstaande die voorafgaande, waar die premie betaalbaar is deur 'n bankdebietorder:

14.1 Indien die premie op aanvraag (met die aanbied van die debietorder teen die betaler se bankrekening) nie aan die Maatskappy betaal word nie, geniet die Versekerde steeds dekking vir die maand waarvoor geen premie ontvang is nie, tensy die premie doelbewus deur die Versekerde gestop is in welke geval die polis met onmiddellike effek gekanselleer word en geen dekking dan in plek sal wees nie. Waar die premie nie doelbewus gestop is nie, bly dit dus aan die Maatskappy verskuldig en kan in kontant by enige kantoor van die Maatskappy betaal word.

14.2 Met die volgende premie-aanvraag word twee debietorders vir betaling aangebied (indien die uitstaande premie nie in kontant betaal is nie); die onbetaalde een, sowel as een vir die nuwe maand. Indien enige debietorder betaal word, word hierdie geld gebruik om die aanvanklike uitstaande premie te betaal.

14.3 Wanneer daar gedurende 'n maand waarvoor die premie nie betaal is nie, 'n gebeurtenis plaasvind wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie polis, moet die Versekerde eers die uitstaande premie betaal alvorens die eis hanteer kan word.

14.4 Indien twee agtereenvolgende maande se premies (met die aanbied van twee debietorders) nie betaal word nie, word die polis terugwerkend gekanselleer vanaf middernag op die laaste dag tot waar die Maatskappy premie ontvang het. Geen verdere premie-aanvraag sal gedoen word nie.

14.5 Indien die premie jaarliks vooruit deur een debietorder betaal word en daardie debietorder word onbetaald teruggestuur, geniet die Versekerde verdere dekking vir een maand. Die debietorder vir die uitstaande premie word weer in die volgende maand aangebied vir betaling. Indien dit weer nie betaal word nie, word die polis vanaf die aanvangsdatum gekanselleer indien die polis 'n nuwe polis is of vanaf die verjaringsdatum waarop die onbetaalde premie van toepassing is.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## 15. Grasietydperk vir die betalings van premies

Behalwe soos voorsien in 14 hierbo, is dekking ingevolge hierdie polis onderhewig aan die vooraf betaling van die premie deur of namens die Versekerde en ontvangs daarvan deur of namens die Maatskappy. Indien die Versekerde 'n polishouer is wat val onder die beskerming wat verskaf word deur die Polishouer Beskermingsreëls (soos verskaf onder afdeling 55 van die Korttermynversekeringswet van 1998), word die Versekerde hiermee voorsien van 'n 15 dae grasietydperk waarin enige verskuldigde premies betaal kan word, met dien verstande dat:

15.1 hierdie 15 dae grasietydperk vir premiebetaling nie bo en behalwe enige uitgebreide tydperk van toepassing sal wees nie, soos verskaf in 14 hierbo (die Versekerde sal bevoordeel word onder óf

14 hierbo óf in terme van hierdie voorwaarde – watter een ook al die meeste voordelig is vir die Versekerde);

15.2 indien ‘n eis ingestel word vir ‘n gebeurtenis wat plaasgevind het na enige datum waarop die premie verskuldig was, maar binne hierdie 15 dae grasietydperk vir premiebetaling, sal daar van die Versekerde vereis word om eers die uitstaande premie te betaal alvorens die eis verwerk kan word;

15.3 indien die ooreengekome betalingsfrekwensie van die polispremie maandeliks is en die polis is ‘n nuwe polis, sal die 15 dae grasietydperk vir premiebetaling slegs van toepassing wees op premies verskuldig vanaf die tweede maand van die geldigheidsduur van die polis.

# ALGEMENE BEPALINGS

Onderhewig aan die bepalings van Artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr 53 van 1998 (soos gewysig) –

## 1. Betalings op rekening

Ten opsigte van enige afdeling waar bedrae wat van die Maatskappy verhaalbaar is, hangende die afhandeling van enige eis vertraag word, mag betalings op rekening na goeddunke van die Maatskappy, indien vereis, aan die Versekerde gedoen word.

## 2. Eerste bedrag betaalbaar

Behalwe waar spesifiek voorsiening gemaak in elke afdeling, sal die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie polis/afdeling ten opsigte van iedere en elke verlies, skade of aanspreeklikheid verminder word met die eerste bedrag betaalbaar soos aangedui in die bylae vir die toepaslike omskewe gebeurtenis.

## 3. Lede

Waar die woord “direkteur” gebruik word, word dit geag “lid” in te sluit indien die Versekerde ‘n beslote korporasie is.

## 4. Dekking ingevolge meer as een afdeling

Die Maatskappy is nie ingevolge meer as een afdeling van hierdie polis aanspreeklik nie vir dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade wat uit een voorval voortspruit en wat dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade behels.

## 5. Premiebetaling

Premie is betaalbaar voor of op die aanvangs- of hernuwingsdatum na gelang van die geval.

Die Maatskappy is nie verplig om premie te aanvaar wat na die aanvangs- of hernuwingsdatum, na gelang van die geval, by hom ingedien word nie maar kan dit wel doen op voorwaardes wat na sy uitsluitlike goeddunke bepaal word.

## 6. Gedek gehou

Indien die Maatskappy ‘n risiko gedek hou, sal hy nie ‘n eis afwys omrede daar nie op die premie ooreengekom is nie.

## 7. Sekuriteitsfirmas

Indien ’n werknemer van ‘n sekuriteitsfirma wat ingevolge ’n kontrak deur die Versekerde in diens geneem is, verlies of skade veroorsaak, stem die Maatskappy in om nie sy verhaalreg teen die gemelde sekuriteitsfirma uit te oefen nie indien die Versekerde ingevolge die gemelde kontrak nie teen die gemelde sekuriteitsfirma mag eis nie.

Die Maatskappy sal nie indien ’n geldige eis ingevolge enige afdeling of onderafdeling van hierdie polis ingestel word, as verweer aanvoer dat die Maatskappy se regte benadeel is deur die voorwaardes van enige kontrak wat tussen die Versekerde en enige sekuriteitsverskaffer aangegaan is in verband met die

Vir interne makelaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

beskerming van die versekerde eiendom nie.

## 8. Belasting op Toegevoegde Waarde

Tensy spesifiek tot die teendeel aangedui, sluit alle versekerde bedrae, dekkingsperke en premies wat in hierdie polis aangedui word BTW teen die huidige wettige BTW-koers, in. Eerste bedrae betaalbaar word bereken volgens die BTW-ingeslote eisbedrag, maar is andersins nie aan BTW onderhewig nie.

# ALGEMENE DEKKING

## 1. Eisevoorbereidingskoste (indien in die bylae by elke afdeling as ingesluit vermeld)

Die versekering word ingevolge elke afdeling van hierdie polis uitgebrei om alle koste in te sluit wat die Versekerde redelikerwys aangegaan het om enige besonderhede te verstrek en te sertifiseer wat ingevolge Algemene voorwaarde 6 deur die Maatskappy vereis word of om die bedrag van enige eis te staaf, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy vir sodanige koste ten opsigte van enige enkele eis hoogstens die versekerde bedrae beloop wat in die bylae by elke afdeling vermeld word.

## 2. Slotte en sleutels (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Benewens enige betaling met betrekking tot ‘n omskrewe gebeurtenis ingevolge hierdie polis, stel die Maatskappy, onderhewig aan die versekerde bedrae en eerste bedrae betaalbaar soos aangedui in die bylae van die Algemene afdeling, die Versekerde skadeloos ten opsigte van die vervangingskoste van slotte, sleutels, toegangskaarte of afstandbeheereenhede vir enige gebou by die versekerde perseel wat volg op die verdwyning van enige sleutel, toegangskaart of afstandbeheereenheid vir sodanige gebou(e) of nadat die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit van ’n duplikaat van sodanige sleutel, toegangskaart of afstandbeheereenheid mag wees. Met dien verstande dat:

2.1 dekking beperk is tot geboue wat eiendom van die Versekerde bevat waar sodanige eiendom verseker is vir diefstal uit sodanige geboue ingevolge enige afdeling van hierdie polis;

2.2 ten opsigte van toegangskaarte of afstandbeheereenhede, is dekking beperk tot die redelike koste om die toegangskaarte, afstandbeheereenhede of die stelsel te herprogrammeer indien dit nie nodig is om die toegangskaarte of afstandbeheereenhede te vervang nie.

## 3. Verwydering van bome wat omgeval het (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie polis word uitgebrei om die koste te dek vir die verwydering van bome vanaf die Versekerde se perseel wat omgeval het weens ‘n spesifieke gebeurtenis wat brand, weerlig, aardbewing, weer, water, impak, kwaadwillige beskadiging of insakking en grondverskuiwing insluit, of sodanige bome skade aan die versekerde eiendom aangerig het of nie, met dien verstande dat

3.1 eiendom wat aan die Versekerde behoort, gedek is teen sodanige gebeurtenisse ingevolge die afdelings Brand, Geboue Omvattend, Kantoorinhoud, Huiseienaars of Huisbewoners van hierdie polis by die spesifieke perseel;

3.2 die dekking wat hieronder verskaf word nie in werking sal tree nie waar sodanige bome dood was voor sodanige gebeurtenis of vooraf onderhewig was aan verrotting, verval of siekte wat die krag en stabiliteit van die bome affekteer;

3.3 waar “per versekeringstydperk” in die bylae aangedui word en die polis maandeliks per debietorder betaal word, sal dit beteken vir twaalf agtereenvolgende maande vanaf die intreedatum of hernuwingsdatum.

## 4. Sekuriteitskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die Maatskappy betaal tot hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae van die Algemene afdeling vir werklike koste noodsaaklikerwys aangegaan vir die indiensneming van sekuriteitsdienste om die versekerde eiendom na ’n versekerde gebeurtenis te beskerm of om te poog om dit te beskerm, met inbegrip van die koste vir die oprigting van skuttings of tydelike herstelwerk of herstelwerk aan die diefalarmstelsel na sodanige versekerde voorval, met dien verstande dat sodanige versekerde eiendom verseker is teen diefstal ingevolge een of meer afdelings van hierdie polis.

## 5. Traumaberading (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitgawes aangegaan, wat nie andersins gedek is nie, vir traumabehandeling deur ‘n geregistreerde

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

professionele berader indien die Versekerde, ‘n direkteur, lid of ‘n werknemer van die Versekerde behandeling benodig as gevolg van kaping of poging tot kaping, gewapende aanhouding of as gevolg van geweld of dreigement tot geweld gedurende diefstal, of brand, met dien verstande dat:

5.1 sodanige berading beperk is tot berading wat volg op kaping of poging tot kaping, gewapende aanhouding of as gevolg van geweld of dreigement tot geweld gedurende diefstal, of brand wat by die perseel van die Versekerde plaasvind of die eiendom van die Versekerde insluit en op voorwaarde dat sodanige eiendom en perseel ingevolge een of meer afdelings van hierdie polis teen hierdie verliese verseker is;

5.2 die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie per persoon of per gebeurtenis meer sal wees nie as die versekerde bedrae wat in die bylae van die Algemene afdeling vermeld word.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge